

UIT 'N ANDER HOEK

'N BRIEF VAN ONS SENDELINGE IN JAPAN!

Liewe vriende in Suid-Afrika,

Gegroet uit Kobe! Soos laas keer belowe, deel ek dié keer bietjie meer oor ons werk en lewe. Ons as gesin is sedert April 2009 in Japan – destyds via Missie Japan na Shikoku-eiland gestuur. Ons rol was om 19 klein gemeentes te ondersteun en toe te rus – en op 'n

manier om op te volg op die pionierswerk van Carina se ouers, (ds.) Tobie en Annalie de Wet.

In Shikoku het ons baie geleer oor die uitdagings en vreugdes van die liggaam van Christus in plattelandse Japan. Ons bedieningsfokus was op RCJ (Reformed Church in Japan) Toku-shima gemeente. Carina en nog 'n kerkleier het 'n baie suksesvolle bediening met kleuters begin, genaamd *Happy Kids*. Deur God se genade het die bediening wonderlik gegroei, en dit brei steeds uit. Ons is nog van tyd tot tyd betrokke by die ondersteuning daarvan, maar intussen het ons aan die einde van 2015 na die hawestad Kobe (met 1.5 miljoen inwoners) verhuis, na ses en 'n half jaar in Tokushima.

Hierdie nuwe omgewing het met 'n nuwe fokus in ons roeping gepaard gegaan, wat nou gerig is op die onderrig van leraars vir kerklike bediening. Ek doseer pastorale teologie en sorg by Kobe Gereformeerde Teologiese Kweekskool (KRTS). As gesin is ons plaaslik betrokke by RCJ Kita Kobe gemeente. Ons bou nog aan vertrouensverhoudinge, en veral Carina probeer tree vir tree 'n kinderbediening opbou. Sy is ook voltyds verantwoordelik vir die tuisskool onderrig van ons vier kinders, sowel as vir die aanbied van Engelse lesse vir sommige KRTS-studente. Hierdie opset gee ons ook die geleentheid om ons huis oop te stel vir veelvuldige interaksies met studente en ander Japannese vriende. Carina se inisiatief en gasvryheid – met maaltye, ontvangs van baie gaste, ens. - open deure vir die oordra van die evangelie van hoop en vreugde na vele.


Vir my (Stéphan) bly die dag-tot-dag ritme van voorbereiding en aanbieding van lesings - in Japanees - 'n groot uitdaging. Boonop is daar baie geleenthede vir bediening in die wyer kerk d.m.v. preke, die aanbied van seminare oor temas soos huweliksverryking, of die lei van werksinkels oor pastorale sorg, individuele berading, ens. Ek is ook verder landswyd betrokke by RCJ gemeentes op verskeie maniere, is lid van die RCJ Sinode se Diakonale Aksie komitee en dien ook op die bestuursraad van 'n kerklike sorgsentrum vir gestremdes. Die uitdaging om voortdurend en voldoende voorbereid te wees vir al die verpligtinge, is 'n uitdaging wat my en Carina baie afhanklik hou van God se genade en van medewerkers en ondersteuners, soos julle, se gebede.

Om mee af te sluit, 'n getuigenis. Twee jaar gelede was ek en studente van ons Kobe kweekskool betrokke by die ondersteuning van mense wie se lewens ontwig is deur 'n groot aardbewing by Kumamoto (Suid-Wes Japan). Een van die mense wat ek daar ontmoet het, was Hiromi (skuilnaam), 'n ma van drie kleuters. Sy het die afgelope tyd tot bekering gekom – 'n groot vreugde en seën vir ons! As jy iets van haar storie wil hoor, besoek gerus <https://youtu.be/wdoV0RJYbZQ>

Vir meer inligting, besoek ook www.missiejapan.co.za of kontak my by jsvdwatt@gmail.com

Vrede en Vreugde in Christus.

Stéphan, Carina, Annie (10), Cornelius, (8), Lodewyk (6) en Stephan (4)



Ons sendinggesin in Japan: Carina en Stéphan, met Annie, Cornelius, Lodewyk en Stephan (links) en kersieblouesels (regs).

Ontmoeting 14

Spioenwenk: W = A

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit hoe Christus werk.


Geheime kode: K J Z A N O P A Q J (ONDERSTEUN)

Inligting in die koevert: Twee jaar gelede (op 16 April 2016) was daar 'n groot aardbewing

in Japan. Die sendelinge van Missie Japan en hulle studente het besluit om die mense van Kumamaoto te gaan ondersteun in die moeilike tyd. Die plaaslike gemeente het dit baie waardeer. Twee jaar later kontak 'n predikant vir Ds. Stéphan met die volgende nuus: Hulle as gemeente bid die afgelope maande vir die gemeentes in Suid-Afrika wat onder die droogte ly. Hulle finaliseer tans 'n spesiale dankoffer-insameling vir droogte-hulp aan Wes-Kaap gemeentes. Hulle is ongeveer 20 mense in die gemeente, maar hulle probeer om meer as R20 000 teen volgende maand oor te betaal. Ds. Nishibori skryf: "Twee jaar gelede, terwyl ons regtig swaar gekry het, het die ondersteuning vanuit Suid-Afrika ons geleer van die reikwydte van die kerk van die Here, regoor die wêreld.

Bid vir Japan: Dank die Here dat ons, al woon ons ver van mekaar af, nog steeds vir mekaar kan ondersteun op een of ander manier.

願播羊科羊 技愈想 願各交各形



JESUS VIR JAPAN

Ontmoeting 15

Spioenwenk: R = Y

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Luister wat ná die aardbewing gebeur het.


Geheime kode: U X D X K B G Z (BEKERING)

Inligting in die koevert:

Kyk die "video clip" van Missie Japan se Pinkster Getuigenis 2018. (Op ons webwerf beskikbaar.)

Bid vir Japan: Dank die Here vir Hiromi wat haar hart vir die Here gegee het en bid vir Sy sorg en genade in haar lewe as Christen.

願播羊科羊 技愈想 願各交各形



JESUS VIR JAPAN

Ontmoeting 16

Spioenwenk: A = G


Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit hoeveel kinders Oom Stéphan en Tannie Carina het en wat hul name is.

Geheime kode: P C Y L (VIER)

Inligting in die koevert: Kyk na die "video clip" waar die Van der Watt-kindere hulself voorstel.

Bid vir Japan: Bid vir die Van der Watt-kindere, Anlie (10), Cornelius, (8), Lodewyk (6) en Stephan (4), waar die Here hulle elkeen gebruik onder hul Japannese vriende en waar hulle saam met hul ouers in Japan dissipels vir Jesus Christus is.


願播羊科羊 技愈想 願各交各形



JESUS VIR JAPAN

Ontmoeting 17

願播華科華 技愈想 願各交各形



JESUS VIR JAPAN

Spioenwenk: O = S

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit waarmee Tannie Carina haarself besig hou in Japan.


Geheime kode: G E J Z A N X A Z E A J E J C (KINDERBEDIENING)

Inligting in die koevert: Tannie Carina, die mamma van ons sendinggesin, is ook baie betrokke by Kinderbediening. Sy het in 2009 saam met 'n ander leier by Tokushima gemeente, op een van die eilande in Japan, 'n kinderbediening met die naam, Happy Kids, begin. Daardie bediening gaan nog steeds aan. Nou, in die hawestad Kobe, waar hulle woon, is hulle voltyds besig om verhoudinge te bou. Sy is omtrént besig op verskillende plekke: Sy probeer om 'n Kinderbediening op te bou; sy is ook voltyds verantwoordelik vir die tuisskool onderrig van hul vier kinders, sowel as vir die aanbied van Engelse lesse vir sommige KRTS studente. Dan staan sy nooit terug om vir die studente en Japannese vriende met 'n maaltyd en liefdevolle gasvryheid te bedien nie.

Bid vir Japan: Bid vir Tannie Carina met al haar werk as mamma, onderwyseres en bedienaar. Bid ook dat die Here haar wysheid, krag en hulp sal gee om die kinderbediening verder op te bou.

Ontmoeting 18

願播華科華 技愈想 願各交各形



JESUS VIR JAPAN

Spioenwenk: A = F

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit wat Oom Stéphan alles moet doen.


Geheime kode: F M V B (KRAG)

Inligting in die koevert: Oom Stéphan, die pappa van ons sendinggesin, is 'n sendingpredikant en baie besig in Japan, deurdat hy baie moet voorberei en klas moet gee vir studente, EN dit moet in JAPANNEES wees. Dan bedien hy nog op baie plekke in Japan deur seminare aan te bied, te preek by gemeentes, en nog baie meer. Dit vat baie tyd en energie om altyd voorbereid te wees vir al hierdie dinge.

Bid vir Japan: Bid vir Oom Stéphan en vir al sy werk wat hy doen. Bid dat die Here hom sal krag gee om nooit moeg en moedeloos te word nie, maar dat hy sal weet hy is tot alles in staat deur Christus wat hom krag gee.

Ontmoeting 19

願播華科華 技愈想 願各交各形



JESUS VIR JAPAN

Spioenwenk: B = Y

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit waar die Van der Watt-gesin woon.

Geheime kode: N R E H (KOBE)

Inligting in die koevert: Die gesin bly in 'n hawestad, Kobe. 'n Hawestad is 'n stad waar skepe hul vragte oplaai of aflaai. Wanneer die see te sterk is vir skepe om uit te vaar, skuil die skepe ook in die hawe. Kobe is die sesde grootste stad in Japan.

Bid vir Japan: Bid dat die mense van Kobe die Here se liefde en genade sal ontdek en dat hulle Hom as Redder sal aanneem.